
Weskerk
PREEKREEKS
GEROEP
vir groei
Plant waar jy blom!


Blom waar jy geplant is
vs.
Plant waar jy blom




P

1 Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is
omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in
ooreenstemming wees met die roeping wat julle
van God ontvang het. 2 Wees altyd beskeie,
vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.
3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees
tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede
met mekaar te lewe. 4 Daar is net één liggaam en
net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe
God julle geroep het.

*Efesiërs 4:1-16*

5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één
God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur
almal werk en in almal woon.
7 Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee
volgens die mate waarin Christus die gawes
uitgedeel het. 8 Daarom sê die Skrif:

"Toe Hy na die hoogte opgevaar het,
het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes
aan die mense gegee."

Efesiërs 4:1-16

9 Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”,
, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na
wat laer is, naamlik na die aarde toe. 10 Die Een wat
neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het
bo alle hemelruimtes uit om alles met sy
teenwoordigheid te vul. 11 En dít is die “gawes” wat
Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en
herders en leraars. 12 Sy doel daarmee was om die
gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou
van die liggaam van Christus.

*Efesiërs 4:1-16*

13So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike
eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun
van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide
mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.
14Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie
meer soos golwe op en af en heen en weer
geslinger word deur elke wind van dwaalleer as
vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid
op dwaalweë wil wegvoer nie.

*Efesiërs 4:1-16*

15Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in
alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die
hoof, 16en uit Hom groei die hele liggaam. Die
verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm
saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie,
en so bou die liggaam homself op in liefde.

Efesiërs 4:1-16

# Paulus praat met die kerk...

- as geroepenes
- wat eenheid moet nastrewe
- in wie God woon
- wat gawes het EN gawes is
- as die Liggaam wat moet groei

Weskerk

waar elkeen SY kerk is

15Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in
die Here Jesus en van julle liefde vir al die
gelowiges, 16hou ek ook nie op om God vir julle te
dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink,
17bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus,
die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy
Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle
openbaar dat julle Hom werklik kan ken.

Efesiërs 1:15-23

[18]Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat
julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en
watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy
vir die gelowiges bestem het, [19]en hoe geweldig
groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit
is dieselfde kragtige werking van sy mag [20]wat Hy
uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood
opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand
laat sit het:

*Efesiërs 1:15-23*

21hoog bo elke mag en gesag, elke krag en
heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag
wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in
die bedeling wat kom. 22Ja, aan Hom het God alles
onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel
as hoof van die kerk. 23Die kerk is sy liggaam, die
volheid van Hom wat alles in almal vervul.

Efesiërs 1:15-23


Weskerk
PREEKREEKS
GEROEP
vir groei
Plant waar jy blom!